# GROEPSHUISBESOEK

DR. S. J. PRINS.

## INLEIDING

Predikante het 'n **grootse**, maar ook 'n **groot** taak wat in die **breedte** wyd uitkring, dog wat veral na die **diepte** moet deurdring. Die omvangryke arbeidsveld word tans grotendeels **ekstensief** bearbei, want i.p.v. 20-25 predikante wat nodig is om die gemiddelde lidmatetal in 'n gemeente van 600 tot 450 per predikant te verminder, word maar slegs 8-13 jaarliks georden.

Die diensdoende predikante werk hard. Elke jaar word eerlik en noukeurig verslag gedoen dat, gepaardgaande met skriflesing en gebed, by elke huis in die gemeente besoek afgelê is. Tog word daar ook jaarliks in dieselfde verslag gerapporteer dat die erediensbywoning nie na wense is nie; die kerklike meelewing neig in die rigting van 'n laagtepunt; die offergawes is nie heeltemal bevredigend nie en die proses van traak-my-nie-agtigheid en eventuele vervreemding neem progressief toe.

Die tekort aan predikante kan wel 'n bydraende faktor wees in hierdie toestand. Die ernstige vraag ontstaan egter of die huidige bearbeidingswyse, ondanks die verdienstelikheid en die historisiteit daarvan, werklik die trefkrag het, of nog het, wat dit veronderstel is om te hê. Die vraag ontstaan verder of dit reg is om dit as die enigste en die doeltreffendste bearbeidingswyse te beskou. Die omstandighede waaronder die moderne mens lewe, het trouens verander.

## TAAK VAN DIE KERK

Kragtens die wese en taak van die kerk, kan en mag die verskynsel van kerklike onverskilligheid en -vervreemding nie maar oogluikend toegelaat word nie. Dit wat daaromtrent gedoen word, mag ook nie net bestaan uit 'n **opsomming van die omvang** van die probleem, 'n **bekommerde kennisname** daarvan op die kerklike vergaderings en kongresse en dan verder 'n **leuenstoel teoretisering** oor die moontlike oorsake daarvan nie.

Ander bearbeidingswyses moet op die proef gestel word sonder om die oues sonder meer oorboord te gooi. Trouens 'n oordeelkundige kombinasie van die oue en die nuwe kan in sekere gevalle baie suksesvol wees.

## PSIGIESE EN GEESTELIKE BEHOEFTES VAN DIE MENS

Wanneer iets nie reg funksioneer nie, beteken dit dat iewers 'n fout begaan word met die hantering daarvan. Aan die een of ader belangrike voorwaarde word nie ten volle voldoen nie en gevolglik bly een of ander behoefte onbevredig.

Wanneer die kerklike meelewing nie na wense is nie, word waarskynlik nagelaat om een of ander belangrike voorwaarde betreffende die suksesvolle hantering van mense na te kom. Gevolglik word daardeur 'n behoefte(s) onbevredig gelaat.

(a) **Die vraag na die sin van die bestaan**

Vervolgens moet dan kortliks gelet word op die volgende belangrike psigiese en geestelike behoeftes van die mens.

Miskien is dit die belangrikste psigologiese behoefte van die mens om te weet **waarom** hy bestaan. Op hierdie vraag is allerhande antwoorde moontlik, byvoorbeeld om 'n gesin te versorg. Dit is egter almal vlottende en korttermyn doeleindes, aangesien dit van tyd tot tyd verander of deur ander vervang word.

Daar is egter dieperliggende lewenstake wat die individu self en alleen nie altyd so maklik insien en begryp nie. Wanneer dit egter bespreek word in die mens-medemens verhouding, kry hy makliker insig daarin. Wanneer die mens se diepste vrese, oortuigings en vertwyfelinge met ander bespreek word, word dit in 'n heel ander perspektief gesien.

(b) **Die behoefte aan toebehore**

Ofskoon die mens 'n unieke persoonlikheid het, is hy tog ook 'n wese wat behoefte daaraan het om **in 'n gemeenskap te lewe,** een te wees met sy medemens — d.w.s. die gevoel te hê van deel te wees **van** en te behoort **tot** 'n gemeenskap wat hom **aanvaar.**

Wanneer vervreemding van die medemens plaasvind, begin die lewe sinloos en betekenisloos word.

Die mens het egter nie net 'n behoefte om aan sy medemens te behoort en deur laasgenoemde aanvaar te word nie. In die allereerste plek het hy egter behoefte daaraan om aan iemand te behoort wat sterker en magtiger as hyself is; Iemand na wie hy kan opsien, op wie hy kan steun, by wie hy veiligheid kan kry.

Daarom het die mens 'n behoefte aan die regte verhouding tussen sy God en sy medemens — 'n verhouding wat weer onontbeerlik is vir 'n gesonde intrapersoonlike ewewigtigheid.

(c) **Behoefte aan kommunikasie**

Die mens wil ook kommunikeer met die gemeenskap waarin hy leef. Hy wil nie net van hulle **vra** (sy begeertes bekend maak), van hulle **ontvang** nie, maar hy wil ook aan hulle **meedeel**. Hy wil naamlik iets van homself meedeel (sy oortuigings). So wil hy in 'n wisselwerkende verhouding van **gee en neem** met sy omgewing verkeer en **een met hulle** word.

(d) **Behoefte aan selfkennis**

Voortvloeiende uit die behoefte aan 'n verhouding met die medemens waarin 'n lewende kommunikasie werksaam is, is dit noodsaaklik om die self te ken. Dit word die beste bereik deur in die kommunikasieproses die self te openbaar aan andere. In hierdie openbaringsproses sê die mens dan aan sy medemens wat hy **dink** en **voel** — kortom: **wie hy is.** In die openbaringsproses kyk die persoon egter tegelykertyd na homself, en hy sien homself soos in 'n spiëel.

Ofskoon dit 'n noodsaaklike behoefte van die mens is om homself te ken en dat ander hom ook sal ken — is die mens nie altyd gewillig om homself te sien soos hy is, en om ander te laat sien wie hy werklik is nie. Dit sal naamlik beteken dat hy ook sal moet verander. Aan homself oorgelaat, probeer die mens dan altyd om sy ware self agter allerlei soorte maskers te verberg. Dit word gedoen as 'n verdedigingsmaatreël teen 'n gevoel van onveiligheid vanweë die vrees vir kritiek en verwerping.

Dit is natuurlik nie die normale gang van sake nie. Dit is strydig met die wese en aard van die mens. Gevolglik is dit 'n soort veiligheid waarvoor dikwels baie duur betaal word. Indien die mens homself nie ken nie, en ook nie deur ander geken word nie, word hy baie maklik deur almal misverstaan. Trouens, hy verstaan self dan nie altyd sy eie motiewe en handelswyses nie. Hy word dan voortgedryf deur magte wat hy nie verstaan nie. Hy is nie in staat om lief te hê nie — en ander kan hom ook nie liefhê nie, aangesien hy ontoeganklik toegespin is in sy web van individualisme en 'n sieklike egoisme. Dit lei tot vereensaming van die medemens, tot konflik met die self, tot 'n verlies van lewensperspektief en 'n onvermoë om die sinvolheid van die bestaan (en met name sy bestaan), na waarde te skat. Uiteindelik kulmineer dit in 'n psigologiese en fisiese ongesteldheid.

## VERTIKALE, HORISONTALE EN INTRA-PERSOONLIKE VERHOUDING

Uit die voorafgaande blyk dit dat die psigiese en geestelike behoeftes van die mens op 'n drieledige verhoudingsvlak geleë is, te wete 'n vertikale, horisontale en intra-persoonlike verhouding.

(a) **Die Vertikale Verhouding**

Dit is die verhouding van bo na onder, d.w.s. die verhouding tussen God en mens.

(b) **Die Horisontale Verhouding**

Dit is die verhouding tussen die mens en sy medemens.

(c) **Die Intra-Persoonlike Verhouding**

Dit is die persoon se innerlike lewe — die integriteit van sy persoonlikheid.

Die vertikale verhouding is ongetwyfeld die belangrikste, maar sonder die ander twee kan daar eintlik geen sprake van hierdie verhouding wees nie, want die mens kan nie met homself oorhoops lê, sy naaste haat of van sy naaste vervreemd wees en tog beweer dat hy God lief het nie. Daarom word hierdie drievoudige verhouding deur Jesus treffend saamgevat in die opsomming van die Wet: „Jy moet die **Here jou God** liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en die groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: jy moet jou **naaste** liefhê soos **jouself".**

In die kerklike lewe wil dit voorkom asof ons te doen het met 'n toenemende **individualisme:** 'n gees van elkeen vir homself, elkeen maak en dink soos hy wil, 'n kluisenaarsbestaan agter 'n masker en 'n voortdurende alleenspraak met die self. 'n Toestand waarin die meeste nie belangstel in die kerklike aktiwiteite nie en ook nie maklik geaktiveer kan word tot belangstelling en daadwerklike en positiewe deelname nie.

Is hierdie strakke en stramme houdiing nie dalk die reaksie op 'n gevoel van eensaamheid en angstige onsekerheid vanweë 'n vermeende verwerping deur die gemeenskap van die kerk nie? As basaars en kerkraadsvergaderings buite rekening gelaat word, kan die kerk sonder enige twyfel konstateer dat hy oor middele beskik en daardie middele aanwend om buite die erediens om, die mens se behoeftes op die horisontale vlak te bevredig?

Dat hierdie behoeftes nie te onderskat is nie, en dat die niebevrediging daarvan groot afmetings aanneem, blyk uit die individualistiese vervreemdiing wat op die horisontale vlak merkbaar is, en aangedui kan word as:

(1) **atomisering:** d.w.s. die redusering van iets tot fyn deeltjies. Figuurlik toegepas, die atomisering of redusering van die menslike gemeenskap tot lostaande individue.

(2) **anonimiteit:** mense wat met mekaar in geen verband of verhouding staan nie en soos los splinters rondvlieg, of soos droë blare rondwaai, word anoniem, naamloos, sonder herkoms of toekoms. Iemand wat alleen maar die oomblik vasgryp en as 'n losgeworde naamlose sonder 'n besef van die sinvolheid van sy bestaan voortstrompel asof op weg na nêrens;

(3) **anomie:** vanselfsprekend het so 'n persoon wat aan niemand behoort nie, aan niemand bekend is nie en aan niemand verantwoording verskuldig is nie, ook nie nodig om hom te steur

aan enige wet nie. Daarom het die geatomiseerde, anonieme individu ook anomies, sonder wet geword. Iemand wat hom nie hoef te steur aan die publieke opinie en nog minder aan die stem van die kerk.

Dit lyk na **vryheid** — sommige sal dit wil tuisbring onder die begrip **demokrasie** — en nog ander sal dit **selfbeskikking** wil noem. In werklikheid is dit vervreemdiing, versnippering van die gemeenskap en die uiteindelike verdierliking van die mens. Bogenoemde gedragsonomatië is die mens se reaksie op sy roep om aanvaarding en kommunikasie op die horisontale vlak.

Hierdie soort behoeftebevrediging is egter patologies en daarom irriterend en afstootlik. Dit is nie in ooreenstemming met die aard en roeping van die mens nie. Gevolglik verwyder dit mense verder van mekaar. Dit maak hulle beangs, gee hulle 'n skuldgevoel en laat hulle in 'n bose sirkelgang beland waarin gereageer word met **vlug** of **veg.**

**GROEPSHUISBESOEK**

Dit is duidelik dat die kerk aandag behoort te gee aan 'n bearbeidingswyse waarin sorg bestee word aan die psigies-geestelike behoeftes op die vertikale, horisontale en intra-psigiese verhoudingsvlak. In hierdie verband word dan gedink aan **groepshuisbesoek.**

Ten einde misverstand uit die weg te ruim, moet dadelik daarop gewys word dat groepshuisbesoek nie gelykskakel moet word met groepsterapie nie. Die **primêre doel** van groepshuisbesoek is egter onderrig in die heilswaarhede, d.w.s. **kategese.** Uit die groepshuisbesoek kan dan in sommige gevalle individueel gerigte, of spesiale sielsorg voortvloei.

Om groepshuisbesoek kortliks te verduidelik, moet daar gelet word op die struktuur, die dinamika en die rasionaal daarvan.

(a) **Struktuur**

Die groep is nie soos in psigoterapie 'n geselekteerde groep nie, maar dit is ongeselekteerd, bestaande uit die volwasse sowel as die onvolwasse lidmate van die wyk. Gevolglik is daar ook geen beperkings wat betref getal, geslag en ouderdom nie.

Ongeveer 'n week voor die wyksbyeenkoms plaasvind, gee die kerkraadslede van die betrokke wyk die lidmate kennis van die plek, datum en tyd.

Die byeenkomste word nooit in dieselfde huis gehou nie, maar dit vind van huis tot huis plaas.

Dit word deur die predikant geopen met skriflesing en gebed. Daarna word een van die volwassenes versoek om 'n gesangversie op te gee en vervolgens een van die kinders. Voorts lewer die

predikant 'n kort, maar prikkelende inleiding oor 'n aktueel kerklik-godsdienstige aangeleentheid, soos bv. „Waarom gaan ek kerk toe", Die Nagmaal, Die Doop, Twyfel, Die Drieëenheid, ens. (Elke tema word in alle wyke tydens 'n bepaalde rondte behandel).

Die onderwerp word oopgestel vir bespreking. Nou probeer die predikant om hom soveel as moontlik te onttrek aan die bespreking, sodat die gemeentelede dit met mekaar bespreek. Hy bly egter steeds in beheer van die situasie .

Die besprekings word soms lewendig en baie interessant, maar die predikant sorg dat na 'n anderhalfuur dit afgesluit word met 'n bedankingswoord deur die ouderling en 'n gebed deur een van die wykslede.

Ten slotte word tee bedien (sonder koek) en na 'n gesellige halfuurtjie waarin oor allerlei alledaagse dinge gepraat word, word huiswaarts gekeer.

Die ouderling hou noukeurig register van wie teenwoordig en wie met of sonder verskoning afwesig is.

(b) **Dinamika**

(1) **Aanvaarding:** Die besprekings word gevoer in 'n gees van aanvaarding. Hoewel daar reguit en eerlik oor 'n aangeleentheid gepraat word, is daar geen ruimte vir veroordeling of moralisme nie. Gevolglik ontwikkel in 'n groep heel gou 'n gevoel van **eenheid,** maar **nie** van **besitlikheid** of **afhanklikheid** van mekaar nie. Mense begin belangstel in mekaar se persone en in mekaar se doen en late, mekaar se vreugde en leed. So ontwikkel dan 'n gees van **hoederskap** en **broederskap.** Hier word getrag om die mens bewus te maak daarvan dat hy leef en beweeg op 'n drieledige verhoudingsvlak.

(2) **Een onder gelykes**

As deel van 'n groep kom 'n persoon baie gou onder die indruk daarvan dat hy nie 'n uitsonderlike persoon met 'n uitsonderlike probleem is nie, maar dat hy maar net 'n gewone mens met soortgelyke probleme as ander mense is.

(3) **Kommunikasie**

In die groep vind kommunikasie plaas. Laasgenoemde berus op **dink, praat** en **doen.** Voordat iemand iets sê, dink hy eers en daarna is hy verplig om te doen wat hy sê. Hierdie groepsdinamiek werk juis daartoe mee om mense aan die praat te kry.

In hierdie geval kerklikgodsdienstig aan die praat te kry, waaruit 'n sodanige belangstelling dan gaandeweg moet groei wat uiteindelik gaan uitloop op kerklikgodsdienstige handelinge.

(c) **Rasionaal**

(1) **Voorbereiding**

Vir groepshuisbesoek moet die predikant hom deeglik voorberei. Hy moet sy onderwerp ken en die moontlike vrae wat daaruit voortspruit reeds antisipeer.

Tydens die besprekinge duik daar egter dikwels vrae en gesigspunte op wat nie deur die predikant geantisipeer is nie en waarop hy miskien nie so akkuraat en paraat kan reageer nie. Indien hy werklik nie 'n antwoord kan verstrek nie, of nie seker is oor sy antwoord nie, moet hy geen verleentheid daaroor openbaar nie. Hy moet liewer eerlik onderneem om eers daaroor te gaan oplees. Dit word baie meer waardeer as wanneer hy sou probeer flous. Laasgenoemde word tog maar altyd aangevoel en in die mou oor gelag. Die ergste van alles is dat dit die vertroue in die ds. finaal kan skok.

Die predikant word dus op sy tone gehou, maar dit spoor die gemeentelede ook aan om die Skrif te gaan ondersoek op grond van wat op die groepsbesprekings plaasgevind het.

(2) **Afwagting**

Die lidmate gaan na die groepsbesprekings met 'n sekere afwagting — d.w.s. met 'n sekere ingesteldheid. Daar hoef dus nie gesoek te word na aanknopingspunte nie. Almal ken die doel van die byeenkoms.

Vanselfsprekend wek dit belangstelling in die aktiwiteite van die kerk. Voorts bring dit doelgerigtheid en sinvolheid vir die lidmaat mee. Hy word naamlik positief betrek in 'n gestruktureerde aktiveringsprogram.

(3) **Doelgerigte werkverrigting vir die predikant**

Aangesien die predikant weet wat hy gaan doen en hom daarvoor voorberei, hoef hy nooit gefrustreerd huis toe te gaan na 'n groepshuisbesoek nie. Ook deelname aan die groepsbespreking is gestruktureer en doelgerig.

(4) **Priesterskap van die gelowige**

Blykens die dinamika van groepsbesprekings, werk dit mee tot broederskap. Dit voed die gelowiges dan op en spoor hulle aan tot die priesterskap van die gelowige. As sodanig word evangelisasie en sielsorg dan soos dit hoort deur die gemeente aan die gemeente gedoen.

(5) **Aansporing tot vrymoedigheid**

Kragtens die groepsdinamika raak die tonge los tydens die groepsbesprekings. Sodoende kry die lidmate groter vrymoedigheid om te praat om iets van hulle self mee te deel — en iets van hulleself mee te deel aan ander en iets van ander te ontvang.

'n Lewende wisselwerking oor die sake van die kerk, die geloof en die diepste persoonlike gevoelens vind plaas. Hierdie uitpraat met mekaar is nodig om fisies en psigies gesond en lewendig te bly.

(6) **Aanloopbaan tot spesiale sielsorg**

Uit die vrymoedigheid spruit twee belangrike sake voort:

(i) Lidmate leer die predikant beter ken en omgekeerd. Gevolglik sal hulle geredeliker na hom gaan met sake wat nie op die groepshuisbesoek bespreek kan word nie.

(ii) Die predikant kry tydens die besprekings geleentheid om vas te stel wie besondere sorg nodig het.

(7) **Meer frekwente beweging in en deur die gemeente**

Met groepshuisbesoek kan van 2 tot 4 keer jaarliks deur die gemeente beweeg word, afhangende van die grootte van die gemeente.

Tegelykertyd moet ook die kerkraadslede soveel keer deur die wyke gaan om kennis van die byeenkomste te gee.

(8) **Opening vir geregverdigde vermaning**

Diegene wat nie wil meedoen aan die groepshuisbesoek nie, doen dit miskien omdat enige nuwe ding 'n mate van onsekerheid en vrees inboesem. Dit kan ook wees dat hulle weerstand gefundeer is op 'n diepgesetelde probleem wat veroorsaak dat hulle nooit kerklik sal meelewe nie.

Indien daar konsekwent weggebly word van die groepshuisbesoek het die ampsdraers 'n oop deur om die persoon tot verantwoording te roep en deur te dring tot die kern van die probleem.

## TOEPASSING IN DIE PRAKTYK

Oskoon dit so maklik lyk, is groepshuisbesoek, soos enige groepswerk, 'n baie delikate aangeleentheid. Dit verg nie slegs opleiding nie, maar ook 'n fyn aanvoeling van individuele sowel as die groep-psigodinamika, van houdings en motiewe, van openlike sowel as subtiele gevoelsnuanses.

Naas die voordele en effektiwiteit van groepshuisbesoek, hou dit ook gevare in. Dit kan verword in gewone sosiale byeenkomsies of geesdrywery. Dit geld egter ook van individuele huisbesoek, van doopkategese, huwelikskategese, sondagskool, katkisasie en selfs van die prediking dat dit gevaarlik kan wees. Daarom moet dit gelei word deur bekwame en verantwoordelike mense.

## SLOT

Niemand sal ooit wil beweer dat groepshuisbesoek die enigste korrekte en effektiewe bearbeidingswyse is. Dat dit egter met erns bejeën moet word, ly ook geen twyfel nie.

Aangesien dit in die kerklike lewe hier te lande egter 'n nuwe klank is, moet dit nog meer onderskei en bespreek word. Dit sal goed wees om ook 'n prakties-teologiese evaluering daarvn te kry. Kragtens ondervindings in die praktyk kan talle nuwe aanpassings gemaak word en nuwe tegnieke kan bedink word. Die doel en inhoud sal egter altyd dieselfde bly, naamlik DIE EER VAN GOD.